basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

## VRAAG 1: KORTVRAE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.182; Suksesvol, p.201-203)* | (1) |
| | 1.1.2 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.180; Suksesvol, p.196)* | (1) |
| | 1.1.3 | A✓ | *Toepassing, matig (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)* | (1) |
| | 1.1.4 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.78)* | (1) |
| | 1.1.5 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.95; Suksesvol, p.112-113)* | (1) |
| | 1.1.6 | B✓ | *Analisering, matig (Verken, p.73-74; Suksesvol, p.83-84)* | (1) |
| | 1.1.7 | C✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.71; Suksesvol, p.77)* | (1) |
| | 1.1.8 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.140; Suksesvol, p.159)* | (1) |
| | 1.1.9 | B✓ | *Verstaan, maklik (Grade 11)* | (1) |
| | 1.1.10 | A✓ | *Verstaan, maklik (Grade 11)* | (1) |
| | 1.1.11 | B✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p. 49; Suksesvol, p.51)* | (1) |
| | 1.1.12 | B✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p. 53; Suksesvol, p.57)* | (1) |
| | 1.1.13 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.125; Suksesvol, p.146)* | (1) |
| | 1.1.14 | A✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.130; Suksesvol, p.148,49)* | (1) |
| | 1.1.15 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.97; Suksesvol, p.117)* | (1) |
| | 1.1.16 | C✓ | *Toepassing, matig (Verken, p.36-37; Suksesvol, p.38-39)* | (1) |
| | 1.1.17 | C✓ | *Toepassing, matig (Verken, p.36-37; Suksesvol, p.38-39)* | (1) |

1.2 1.2.1 D✓ (1)

1.2.2 C✓ (1)

1.2.3 F✓ (1)

1.2.4 G✓ (1)

1.2.5 A✓ (1)

*Verstaan, matig (Verken p.163-165; Suksesvol p.180-182)*

1.3 A✓
E✓ (Enige volgorde) (2)
LET WEL: Minus 1 punt indien die woorde geskryf word

*Verstaan, matig (CAPS p.32)*

1.4 1.4.1 F✓ (1)

1.4.2 B✓ (1)

1.4.3 G✓ (1)

1.4.4 E✓ (1)

1.4.5 C✓ (1)

*Onthou, matig (Verken p.95; Suksesvol p.113-114)*

1.5 C✓
D✓
F✓
G✓
H✓ (Enige volgorde) (5)

*Onthou, maklik (Verken, p.120; Suksesvol, p.139)*

1.6 1.6.1 (Produk) spesifikasies✓ *(Verken p.16; Suksesvol p.21)*

1 6 2 Aantrekkingskrag vir verbruikers/ kliënte aantrekkingskrag/ verpakking/ verbruikersaanklank✓ (*Verken p.13; Suksesvol p.20)*

1.6.3 Volhoubare/Volhoubaarheid (produksie)✓ (*Verken p.26; Suksesvol p.26)*

1.6.4 Aanvangskoste/**voor bedryfskoste**✓ *(Verken p.35; Suksesvol p.18)*

1.6.5 Kliëntebetrekkinge/ verhoudings/ klëintesorging/ kliëntediens/ verbruikersregte✓ *(Verken p.24; Suksesvol p.25)*

1.6.6 Bokoste/ Oorhoofse/ operasionele/ bedryfs/koste✓ *(Verken p.37; Suksesvol p.41)*

*Verstaan, moeilik*

**LET WEL:** Moenie voorbeelde aanvaar nie (6)

**[40]**

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

**2.1 2.1.1 Noem TWEE vorme van hernubare energiebronne.**

- Sonkrag/sonenergie/son✓[1]
- Windkrag/turbine energie✓[2]
- Hidroëlektrisiteit/hidro-energie/water✓[3]
- Bio/hout/mis/plantmateriale-energie✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.170-171; Suksesvol, p.191-192)*

**2.1.2 Noem DRIE voordele van die gebruik van hernubare energiebronne vir die natuurlike omgewing.**

- Minder lugbesoedeling/ skoner lug/ geen suurreën/geen swaeldioksied/ geen koolstofdioksiedgasse/ minder rook/ mis.✓[1]
- Minder waterbesoedeling/ ondergrondse waterbesoedeling.✓[2]
- Minder geraasbesoedeling/ geen geraasbesoedeling.✓[3]
- Verminderde behoefte aan fossielbrandstowwe/ steenkool/ energie.✓[4]
- Minder grondbesoedeling/ geen land versteuring/ grawe vir steenkool.✓[5]
- Geen habitatverlies/ geen diere sal verplaas word nie/ geen plante word beskadig nie/ fauna en flora word nie geaffekteer nie.✓[6]
- Sal nie die omgewing beskadig nie/ omgewingsvriendelik/ skoon omgewing.✓[7]

**LET WEL:** Indien "minder besoedeling" genoem word kan 'n punt toegeken word vir ✓ 1/2/3 (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.170-171; Suksesvol, p.191-192)*

**2.2 Definieer die terme hieronder:**

**(a) Waarborg**

- Die versekering✓[1] dat die produk in 'n werkende toestand sal bly✓[2]
- vir 'n spesifieke tydperk.✓[3] (Enige 2)

**OF**

- Dit is 'n belofte van die vervaardiger✓[4] dat hulle enige probleme met die produk sal uitsorteer✓[5] binne die spesifieke vaste tydperk.✓[6] (Enige 2)

**OF**

- 'n Geskrewe belofte✓[7] dat die kwaliteit/ duursaamheid van 'n produk/ diens aan sekere standaarde sal voldoen✓[8] en indien die produk/ diens nie die voorwaardes van die waarborg bevredig nie, sal die geld wat betaal is terug gegee/ terugbetaal word.✓[9] (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.158; Suksesvol, p.175)*

**(b) Vrystellingsklousule**

'n Vrystelligsklousule spreek 'n party vry van enige aanspreeklikheid✓[1] indien hy/sy sou versuim om die ooreenkoms na te kom/ wanneer die produk waarop daar ooreengekom is, nie die doel dien waarvoor dit bekom/gekoop was nie.✓[2] (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.156; Suksesvol, p.173)*

2.3 **Lees die scenario hieronder en identifiseer die vrystellingsklousule wat in die kontrak gestipuleer was.**

Geen terugbring/ terug stuur/ omruil-beleid.✓ (1)

*Verstaan, matig (Verken, p.156; Suksesvol, p.173)*

**2.4 2.4.1 Verduidelik die gevolge wat die minimum loon op inflasie sal hê.**

- Soos die koste van arbeid verhoog✓[1] sal die lone wetsontwerp/ werknemers se loonkoste verhoog.✓[2]
- Dit sal 'n styging in inflasie veroorsaak✓[3] aangesien die prys van goedere en dienste sal styg/ verbruikers meer sal betaal✓[4] (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.167-168; Suksesvol, p.184-185)*

**2.4.2 Voorspel wat die gevolge van die minimum loon op die finansies van Suid-Afrikaanse huishoudings sal hê.**

- Soos die koste van arbeid verhoog✓[1] mag baie werkgewers nie in staat wees om dieselfde hoeveelheid werknemers in diens te neem nie✓[2] en baie mense kan werkloos word.✓[3]
- Meer werkloosheid sal meer druk op die ekonomie/ huishouding se finansies plaas/ gesinne sal armer word✓[4] en sal inruil die ekonomiese groei vertraag.✓[5]
- Werklose mense in huishoudings sal meer op werkloosheid fasiliteite/ WVF/ staatstoelae staatmaak.✓[6]
- Werklose mense in huishoudings sal nie in staat wees om goedere en dienste te koop nie.✓[7]
- Werklose mense kan nie geld spaar nie/huishoudings kan nie geld spaar nie.✓[8]
- Die laer vlak loon verdiener betaal nie inkomste belasting nie.✓[9]
- Werkgewers mag werksure verminder om dieselfde lone te betaal wat nie ‘n effek sal hê op die finansies van die huishoudings nie. ✓[10]
- Mense wat minder as die minimum loon verdien sal meer verdien/ huishoudings sal nou meer geldhê.✓[11] armoede sal verminder✓[12]
- Mense/ huishoudings sal meer koopkrag hê en kan nou voedsel koop vir oorlewing/ basiese behoeftes bevredig✓[13] en sal beter leef omstandighede hê✓[14] sodra hulle die minimum loon verdien. (Enige 6) (6)

*Analisering, moeilik (Verken, p.167-168; Suksesvol, p.184-185)*

**[20]**

**VRAAG 3: VOEDING EN VOEDING**

**3.1 Definieer die term *voedselsekerheid*.**

Voedselsekerheid is die vermoë van individue om op 'n daaglikse basis✓[1] voldoende/ genoeg voedsel te kry.✓[2]
**OF**
Voedselsekerheid beteken om genoeg/ voldoende✓[3] veilige voedsel✓[4] te kry.

**OF**
Toegang tot veilige,✓[5] voedsame voedsel om ‘n gesonde aktiewe lewenstyl instand te hou✓[6] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.106; Suksesvol, p.128)*

**3.2 Noem die eetversteuring wat gekenmerk word deur die eet van groot hoeveelhede voedsel of eetvergryping gevolg deur self-geïnduseerde braking.**

Bulimia (nervosa)✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.82; Suksesvol, p.95)*

**3.3 3.3.1 Identifiseer die ensiem wat by die melk gevoeg is.**

Laktase✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.79; Suksesvol, p.93)*

**3.3.2 Verduidelik die voordele van die byvoeging van die ensiem vir 'n persoon wat aan laktose-intoleransie ly.**

Die persoon sal nie meer aan die newe-effekte✓[1] van laktose intoleransie ly nie omdat die (ensiem) laktase sal help om die laktose na glukose/ galaktose✓[2] af te breek/ verteer,✓[3] wat dan in die bloedstroom geabsorbeer word.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Verken, p.79; Suksesvol, p.93)*

**3.3.3 Verduidelik die rede waarom Nolac-melk vir 'n persoon met osteoporose geskik is.**

- (Nolac melk bevat kalsium wat) die bene versterk/ beendigtheid verhoog.✓[1]
- (Dit bevat vitamien D wat) met die absorbering van kalsium help.✓[2] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.76; Suksesvol, p.90)*

**LET WEL: Geen punte word toegeken indien die voedingstowwe alleen genoem word omdat dit in die vraag is.**

**3.3.4 Noem of Nolac-melk vir 'n persoon met 'n melkallergie geskik is. Motiveer jou antwoord.**

- Nolac-melk is nie geskik✓[1] (1)

- Nolac-melk bevat proteïene/ 'n allergeen in melk.✓[2] Indien dit ingeneem word, sal die liggaam verkeerdelik dink dat die proteïen skadelik is✓[3] en die immuunstelsel sal reageer✓[4] teen die proteïen deur teenliggaampies op te bou.✓[5] (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.76; Suksesvol, p.91-92)*

**3.4 Beveel VIER dieetriglyne aan, met redes, vir die bestuur van vetsug.**

- Eet meer voedsel hoog in vesel,✓[1] dit sal jou versadig maak/ die gevoel van honger vertraag✓[2] sodat jy minder sal eet.✓[3]
- Eet ten minste drie maaltye per dag/ moenie ontbyt oorslaan nie.✓[4] Die oorslaan van maaltye kan daartoe lei dat jy jouself later in die dag ooreet.✓[5] Deur ontbyt oor te slaan word die metabolisme vertraag.✓[6]
- Verminder die vetinname/ eet maer vlies/ vis/ hoender✓[7] aangesien dit die totale energie inname sal verminder✓[8] en bydra tot gewigsverlies.
- Rooster/ bak/ stoom voedsel✓[9] aangesien braai meer energie/ kilojoules✓[10] byvoeg wat as vet geberg kan word.✓[11]
- Eet lae GI voedsel✓[12] omdat dit sal help om bloedglukose te beheer✓[13] en die honger gevoel vertraag.✓[14]
- Verhoog die inname van peulgroente✓[15] omdat hulle vullend is✓[16] en laag in vet is.✓[17] Dit sal ooreet verminder.✓[18]
- Peusel aan gesonde voedsels/ kies minder gemorskos/ minder lekkers tussen maaltye,✓[19] dit sal die totale kJ inname verminder.✓[20]
- Deur baie (skoon) water te drink✓[21] sal hulle versadig voel✓[22] sodoende sal hulle minder eet.✓[23]
- Eet ten minste 5 porsies/ baie vrugte en groente per dag✓[24] aangesien hulle ryk aan vesel✓[25] en honger sal verminder✓[26] dus sal hulle minder eet.✓[27]
- Verminder alkohol inname✓[28] aangesien dit hoog in energie/ kilojoulewaarde is.✓[29]
- Eet kleiner hoeveelhede/ porsies voedsel✓[30] dit sal die total energie inname verminder✓[31] en bydra tot gewigverlies. (Enige 4 x 2) (8)

*Verstaan, matig (Verken, p.83; Suksesvol, p.97-98)*

**LET WEL: Nie oefening of aktiewe leefstyl nie omdat dit betrekking op dieetkundige riglyne het.**

**3.5 3.5.1 Noem TWEE simptome wat die vloedslagoffers kon getoon het.**

- Geelsug/ geel vel/oë✓[1]
- Koors/ sweet✓[2]
- Moegheid✓[3]
- Verlies aan eetlus✓[4]
- Diarree/ maagwerk/spoel✓[5]
- Naarheid✓[6]
- Donker uriene✓[7]
- Modderkleurige stoelgange/ ontlasting✓[8]
- Braking✓[9]
- Gewrigpyn✓[10]
- Abdominale/buikpyn✓[11]
- Ongemak in die area van die lewer✓[12] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.89; Suksesvol, p.103)*

**3.5.2 Gee 'n rede waarom die simptome eers nadat hulle huis toe gegaan het, verskyn het.**

Die inkubasieperiode van Hepatitis A is 15 tot 50 dae/ met 'n gemiddelde van 28 dae/ 3-5 weke na infeksie.✓[1]

**OF**

Dit neem 'n rukkie vir die simptome om te verskyn/ duidelik te word.✓[2] (1)

*Verstaan, matig: (Verken, p.89; Suksesvol, p.103)*

**3.5.3 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe die siekte so maklik tussen die vloedslagoffers kon versprei het.**

Hulle het toilette/ ablusie/ wasgeriewe/ eetgerei gedeel/ swak sanitasie/ gebrek aan persoonlike higiëne.✓[1] Indien mense nie ingeënt/ nie gevaksineer was nie✓[2] is hulle meer vatbaar/ kwesbaar dus doen hulle maklik hepatitis A op.✓[3] Mense wat in nabye kontak gehuisves word/ mense in beperkte spasie, steek maklik mekaar aan met die infeksie/ versprei van een persoon na 'n ander.✓[4] Daar was geen/ nie genoeg lopende/ skoon water vir persoonlike higiëne/ om hulself te was.✓[5] Daar was nie/ nie genoeg lopende/ skoon water om eetgerei te was nie.✓[6] Voorbereide voedsel kon voorberei was deur besmette mense wat nie hul hande gewas het, nadat die toilet besoek was nie.✓[7] Beskikbare voedsel/ water kon besmet was.✓[8] (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.89; Suksesvol, p.103)*

**LET WEL: Trek een punt af indien nie in paragraaf formaat geskryf is nie.**

**3.6 3.6.1 Bespreek waarom dit onwaarskynlik is dat Colin aan anemie sal ly.**

- Die hoender/ maer vleis/ vis/ blaargroentes/ pruimedante/ volgraanprodukte voorsien genoeg yster✓1 om rooibloedselle te bou/ hemoglobien in die rooibloedselle✓2 om suurstof na die liggaamselle te vervoer.✓3
- Die hoender/ maer vleis/ vis is ryk in vitamien $B_{12}$✓4 wat nodig is vir die vorming van rooibloedselle.✓5
- Die donkergroen blaargroentes/ volgraanprodukte verskaf foliensuur✓6 wat help in die vorming van rooibloedselle.✓7
- Die lemoen/ bessiesap bevat vitamien C✓8 wat sal help met die absorpsie van yster.✓9
- Die yster sal goed in die liggaam geabsorbeer word✓11 aangesien hy nie koffie drink nie.✓12 (Enige 3 x 2) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.76; Suksesvol p.90-91)*

**LET WEL:** Indien slegs die korrekte nutriënte sonder enige bespreking genoem word, kan **GEEN** punt toegeken word.

**3.6.2 Stel voor, met redes, waarom Colin nie die gevaar staan om diabetes te ontwikkel nie.**

- Colin eet 'n laevet dieet✓1 (vellose hoender/ maer vleis/ vis/ suiwelprodukte) wat help om liggaamsgewig te beheer✓2 en dit sal help met die beheer van die bloedglukosevlakke✓3
- Die vars groen blaargroentes/ volgraanprodukte/ pruimedante is ryk in vesel✓4 verteer stadig/ geleidelik✓5 en sal groot wisseling in die bloedglukosevlakke voorkom.✓6
- Die onversoete suiwelprodukte/ onversoete suiwer lemoensap/ bessiesap/ slaai is laag in suiker✓7 en mag laag in GI wees✓8 wat 'n vinnige verhoging in die bloedglukosevlak voorkom✓9 en sal voorkom dat die pankreas te veel insulien produseer.✓10
- Hy hardloop daagliks 10 km/ oefen✓11 wat help om die kilojoules wat hy inneem te verbrand✓12 en verlaag die bloedglukosevlakke/ help met die funksionering van insulien.✓13 (Enige 8) (8)

*Analisering, matig (4); Analisering, moeilik (4) (Verken, p.72-73; Suksesvol p.80-83)*

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

**4.1 Gee TWEE voorbeelde van ekovriendelike kleedstowwe.**

- Hennep✓[1]
- Bamboes✓[2]
- Soja kleedstof✓[3]
- Organiese✓[4]katoen
- Flas/linne✓[4]
- Lyocell✓[5]
- Sy✓[6]
- Sybokhare✓[7]
- Alpacawol✓[8]
- Wol✓[10] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.62; Suksesvol, p.67)*

**4.2 4.2.1 Definieer die term *modeneiging.***

Modeneigings is die rigting waarin modes/ styl/ silhoeët beweeg.✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)*

**4.2.2 Gee DRIE redes waarom denimjeans as 'n klassieke mode beskou kan word.**

- Die denimbroek bly vir 'n lang tyd/ periode/ oor baie seisoene/ jare gewild/ tydloos.✓[1]
- Hulle word deur 'n groot groep mense/verskillende ouderdomsgroepe aanvaar/ hulle is smaakvol/ geskik vir die meeste mense.✓[2]
- Amper almal vertoon goed in denimbroeke.✓[3]
- Hulle word gekenmerk deur eenvoud/eenvoudige lyne.✓[4]
- Af-en-toe het denimbroeke 'n subtiele verandering in die styl/ silhoeët/ buitelyne.✓[5] (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)*

**4.2.3 Identifiseer TWEE jare (tydperke) toe denimjeans 'n retrospektiewe mode van die 1960's was.**

- 1970/ uitklok✓[1]
- 1995/ stewelsnit/ been✓[2]
- 2005/ versierde denimbroek✓[3] (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.51; Suksesvol, p.53)*

**4.2.4 Die denimjeans van 2019 is 'n voorbeeld van 'n mode-oplewing van 'n vorige jaar. Noem die jaar.**

1950✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.51; Suksesvol, p.53)*

**4.2.5 Bespreek hoe tegnologiese faktore veranderinge gebring het in die tekstielstof en modeneigings van denimjeans.**

- Dit het gelei tot beter tekstiele/ kleedstowwe✓[1] en skepping van rekstowwe vir denim/ noupassende denimbroeke.✓[2]
- Beter gerekenariseerde patrone✓[3] het gelei tot die skepping
- van meer/ nuwe/ verskillende style en kenmerke.✓[4]
- Verbeterde masjiene✓[5] maak massa produksie✓[6] moontlik om met nuwe neigings tred te hou.
- Beter kleurmetodes en kleurvastheidprosesse✓[7] / in suur gewas✓[8] het verskeidenheid/ 'n reeks kleure beskikbaar verhoog.✓[9]
- Beter naai/ borduurmasjiene✓[10] het borduurwerk op die denim moontlik gemaak.✓[11]
- Denimbroeke kan versier word met knoppies/ krale✓[12] deur verfraaiingsmasjiene te gebruik.✓[13]
- Geskeurde denimbroeke het modieus geword✓[14] as gevolg van tegnologiese ontwikkeling omdat masjiene denimbroeke skeur✓[15] nadat die denimbroek vervaardig is. (Enige 3 x 2) (6)

*Toepassing, moeilik (Verken, p.51; Suksesvol, p.54)*

**4.3 4.3.1 Identifiseer die praktyk waaraan die kleinhandelsreus skuldig bevind is.**

- Nagemaakde/ namaaksel/ vervalsing✓ (1)

*Verstaan, matig (Verken, p.64-65; Suksesvol, p.72)*

**4.3.2 Voorspel watter impak die kleinhandelsreus op die eienaar van die oorspronklike besigheid kon gehad het.**

- Die oorspronklike eienaar/ besigheid sal inkomste/ kliënte/ wins verloor/ verkope verloor✓[1] aangesien daar 'n oorvloed van soortgelyke produkte is wat goedkoper as die oorspronklike produk sal wees.✓[2]
- Die beeld en reputasie van die eienaar/ besigheid kan in gedrang gebring word✓[3] aangesien dit nie meer eksklusief is nie✓[4] omdat daar 'n goedkoper weergawe beskikbaar is.✓[5]
- Verbruikers mag vertroue in die oorspronklike produk verloor.✓[6]
- Die eienaar/ besigheid sal geleenthede mis om uit te brei✓[7] weens die kleinhandelsreus wat die mark oorvloed met goedkoper kopieë.✓[8] (Enige 4) (4)

*Evaluering, moeilik (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)*

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

**5.1 5.1.1 Noem die tipe huiseienaarskap waar 'n maandelikse heffing betaal moet word.**

Deeltiteleienaarskap✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)*

**5.1.2 Noem aan wie die heffing betaal moet word.**

Die huiseienaarsvereniging/ regspersoon.✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)*

**5.2 Noem DRIE dokumente wat deur 'n bank vereis sal word om 'n huislening aan 'n voornemende huiseienaar toe te staan.**

- (Gesertifiseerde) afskrif van die koper se Suid Afrikaanse identiteitsdokument/ paspoort✓[1]
- Bewys van inkomste (onlangse salarisstrokies of bankstate) vir die laaste drie maande/ brief van die werkgewer✓[2]
- Afskrif van die koopaanbod/ Koopakte✓[3]
- Bewys van huidige residensiële adres/ nutsrekening✓[4]
- Inkomstebelasting verwysingsnommer✓[5]
- Volle voltooide (ondertekende) aansoekvorms✓[6] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.129; Suksesvol, p.147)*

**5.3 Definieer die term *huurkontrak.***

'n Huurkontrak is 'n kontrak/ ooreenkoms✓[1]tussen 'n eienaar van eiendom/ verhuurder en die huurder. ✓[2] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.118; Suksesvol, p.137)*

**5.4 Verwys na die inligting hierbo en bespreek DRIE voordele van die huur van eiendom en DRIE voordele van die koop van eiendom.**

**Voordele van Huur:**

- Met so baie eenhede wat leeg is, kan die huur onderhandel word. ✓[1]
- Dit sal nie moeilik wees✓[2] om eiendom te vind om te huur omdat baie plekke beskikbaar is.✓[3]
- Huur is 'n meer bekostigbare opsie as voorheen✓[4] terwyl jy spaar/ wag om te koop/ bou.✓[5]
- 'n Eiendom/ eenheid/ vertrek wat reeds gemeubileerd is kan gehuur word✓[6] en dit sal meer bekostigbaar wees as om meubels te koop sowel as 'n verband te betaal.✓[7] (Enige 3)

**Voordele van Koop:**

- Dit is goedkoper✓[8] om nou te koop as 'n jaar gelede.
- Verkooppryse kan onderhandel word✓[9] omdat verkopers nie maklik eiendom verkoop nie.
- Oordragkoste/ verbandregistrasiekoste sal laer wees✓[10] indien eiendomspryse laer is.
- Om eiendom teen ‘n laer prys te koop✓[11] is 'n goeie belegging✓[12] omdat die waarde oor 'n tydperk styg.✓[13]
- Groter verskeidenheid om van te kies✓[14] (Enige 3) (6)

*Verstaan, matig (Verken p.117-122: Suksesvol p.137-140)*

**LET WEL: Algemene voordele en nadele van huur/koop moenie ingesluit word nie.**

**5.5 5.5.1 Noem VIER universele ontwerp kenmerke wat op vrieskaste aangetref kan word.**

- Dubbelkantige deur✓[1]
- Outomatiese deur-sluit funksie✓[2]
- Hoogte-verstelbare rakke/ verskillende grootte kompartemente✓[3]
- Maklik om skoon te maak binnekant✓[4]
- Glasrakke met 'n geenstort afwerking✓[5]
- Laaie met rollers wat maklik is om te verwyder/ uit trek laaie/ mandjies wat maklik is om te verwyder✓[6]
- Temperatuur beheer ✓[7]
- Waarskuwing/ alarm om die deur toe te maak wanneer dit oop is✓[8]
- Geen vriessisteem/ outomatiese ontdooing✓[9]
- ‘n Lig gaan aan wanneer die deur oop gemaak word. ✓[10]

(Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.137; Suksesvol, p.159)*

**5.5.2 Noem die voordele van 'n vrieskas met 'n vriesvrye opsie.**

Vriesvrye opsie bespaar elektrisiteit, ✓1 tyd✓2 en menslike energie/ maklik om skoon te maak✓3 omdat jy nie die vrieskas hoef te ontdooi nie. (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.145; Suksesvol, p.159)*

**5.5.3 Gee DRIE redes waarom dit die goedkoopste opsie sal wees om 'n vrieskas kontant te koop.**

- Deposito word nie vereis nie.✓1
- Geen administrasiefooie is betaalbaar nie.✓2
- Geen versekeringsfooie is betaalbaar nie.✓3
- 'n Kontantafslag kan gevra/ onderhandel word✓4 dus kan die vrieskas goedkoper word as die oorspronklike prys.✓5
- Geen rente word betaal nie.✓6 (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)*

**5.5.4 Verduidelik die voordele daarvan om 'n vrieskas volgens 'n huurkooptransaksie te koop.**

- Die vrieskas kan in paaiemente oor 'n tydperk afbetaal word.✓1
- Dit is meer bekostigbaar om kleiner paaiemente oor 'n tydperk te betaal.✓2
- 'n Stukkende/ foutiewe vrieskas kan onmiddellik met 'n nuwe een vervang word.✓3
- Die vrieskas kan huis toe geneem word terwyl dit afbetaal/ gebruik word.✓4 (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)*

**5.5.5 Vergelyk die regop vrieskas en die kisvrieskas hieronder ten opsigte van die volgende kriteria en gee 'n rede vir ELKE antwoord.**

| **KRITERIA** | **REGOP VRIESKAS** | **KISVRIESKAS** |
|---|---|---|
| **(a) Nie-menslike energie verbruik** | Regopstaande vrieskaste gebruik meer elektrisiteit.✓[1] (1)<br>**Rede:**<br>Meer koue lug ontsnap wanneer die deur oopgemaak word.✓[2] (1) | Kisvrieskaste gebruik (10-25%) minder elektrisiteit.✓[3] (1)<br>**Rede:**<br>Hulle is meer geïnsuleer/ lug ontsnap nie wanneer die deur oopgemaak word nie.✓[4] (1) |
| (b) **Menslike energie verbruik om** | Maklik om te organiseer/ vereis minder energie om items te verwyder/ makliker om skoon te maak/ bespaar tyd✓[5] (1)<br>**Rede:**<br>Items word georganiseer/ op rakke wat maklik verwyder kan word/ maklik bereik kan word gepak.✓[6] (1) | Nie altyd maklik om te organiseer/ vereis meer menslike energie om items te verwyder/ meer energie om skoon te maak/ neem meer tyd.✓[7] (1)<br>**Rede:**<br>Mandjies/ ander items moet verwyder word om bevrore voedsel onder in die vrieskas te bereik.✓[8] (1) |

(8)

*Verstaan, matig (Verken, p.145; Suksesvol, p.159)*

**LET WEL: Trek een punt af indien nie in tabel formaat geskryf is nie.**

**5.6 Evalueer die geskiktheid van die aankoop van die draagbare/mobiele vrieskas hierbo om aan die gesin se behoeftes te voldoen.**

- Dit kan gebruik word wanneer hulle op kampeer uitstappies gaan✓[1]en as 'n tweede vrieskas✓[2]in die huis gebruik word (meerdoelig).
- Dit is kleiner as 'n standaard vrieskas en sal in die meenthuis pas.✓[3]
- Die vrieskas kan as 'n koffie tafel/tafel vir 'n TV gebruik word by die huis (meerdoelig).✓[4]
- Vlekvryestaal afwerking is duursaam/ sal langer hou/ nie roes nie.✓[5]
- Mandjies word ingesluit wat die organisasie van voedsel vergemaklik.✓[6]
- Poli-uretaan insulasie sal verseker dat die toestel die lae temperatuur behou terwyl dit vervoer word.✓[7]
- LED lig is omgewingsvriendelik/ hou lank.✓[8]
- LED lig sal verseker dat die voedsel maklik gesien kan word in die donker.✓[9]
- Die geluidwaarskuwing wanneer die deksel oopgemaak word, sal hulle waarsku wanneer die toestel te lank oop is en te veel koue lug verlore gaan/ wanneer voedsel uitgehaal word.✓[10]
- Dit kan maklik op die sleepwaentjie✓[11] vervoer word wanneer hulle geen kamp.
- Dit is duurder as 'n konvensionele kisvrieskas.✓[12]
- Die temperatuur kan aangepas word (-22$^0$C tot 10$^0$C), ✓[13] dus kan dit as ‘n yskas of ‘n vrieskas.✓[14]
- Digitale termostaat maak dit maklik om die temperatuur te stel/ dit is maklik om die digitale termostaat te lees.✓[15]
- Die slot laat toe dat die vrieskas gesluit kan word terwyl daar kampeer word/ tydens vervoer.✓[16]
- Die dubbel handvatsels beteken dat die vrieskas/ yskas maklik hanteer kan word.✓[17]
- Die bron van energie word nie aangedui nie en dus is dit onduidelik of die vrieskas die voedsel vir dae sal sal kan koud hou.✓[18]
- Die mobiele vrieskas is nie dragbaar nie,✓[19] dit is te groot✓[20] en dit sal nie op die waentjie pas nie ✓[21]
- Daar mag nie genoeg opbergruimte vir die vrieskas in die huis wees nie.✓[22]
- Die vrieskas is te groot om vir kampering gebruik te word asook vir die gesin van vier.✓[23]
- Dit sal baie elektrisiteit/ gas en baie brandstof gebruik vir die motor wat die waentjie sleep.✓[24]
- Die prys is geskik in vergelyking met die kenmerke en die grootte van die vrieskas. ✓[25] (Enige 7) (7)

**Gevolgtrekking**: Hierdie toestel sal geskik wees✓[26] vir die gesin hoewel dit duur is. Dit is meerdoelig.
**OF**
**Gevolgtrekking:** Die vrieskas is nie geskik✓[27] vir die gesin van vier en vir kampering. Dit is te groot. (1)

*Evaluering, moeilik (Verken, p. 133-137, 145; Suksesvol, p.152-155)*
**LET WEL:** Leerders kan die positiewe en negatiewe aspekte kombineer.

**[40]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

**6.1 Noem TWEE vereistes wat in ag geneem moet word om gehalteprodukte te verseker.**

- Geskik vir die teikenmark.✓[1]
- Aanbieding van die produk.✓[2]
- Gehalte van grondstowwe.✓[3]
- Gehalte en ontwerp van verpakking.✓[4]
- Gehalte van opberging.✓[5]
- Veiligheid.✓[6]
- Etikettering.✓[7] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.20-24; Suksesvol, p.24)*

**6.2 Verduidelik waarom 'n gehalteproduk 'n mededingingsvoorsprong moet hê.**

- 'n Mededingende voordeel sal verseker dat die produk iets spesiaals/ verskillend bevat✓[1] wat die kompetisie/ kompeterende besigheid/ produk nie bevat nie en dus is dit aantrekliker om te koop.✓[2]

**OF**

- 'n Produk met 'n mededingende voordeel sal 'n voordeel het bo 'n soortgelyke produk van die kompetisie/ kompeterende besigheid/ produk✓[3] en dus is dit aantrekliker om te koop.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.13; Suksesvol, p.11)*

**6.3 Gee VIER redes waarom daar aanbeveel word dat 'n entrepreneur plaaslik vervaardigde produkte moet gebruik.**

- Dit is maklik om te verkry.✓[1]
- Dit stimuleer die plaaslike ekonomie/ ondersteun plaaslike besighede.✓[2]
- Vars geproduseerde produkte sal goeie gehalte hê.✓[3]
- Dit is goedkoper as om produkte uit 'n ander area te koop.✓[4]
- Dit hoef nie vervoer te word nie, dus is daar minder koolstofuitlatings/ minder besoedeling.✓[5]
- Bespaar op vervoerkoste.✓[6] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.13; Suksesvol, p.32)*

**6.4 Beskryf die stadium wanneer 'n entrepreneur 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie moet doen.**

'n Finansiële uitvoerbaarheidstudie moet voor 'n besigheid begin/ gekoop/ voor ‘n nuwe produk bekend gestel word✓[1] of voordat enige geld op die besigheids-idee/ besigheidsplan bestee word/ om aan te hou met die besigheid gedoen word.✓[2] (2)

*Onthou, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.35)*

**6.5 6.5.1 Identifiseer Nellie se teikenmark.**

- Leerders✓[1]
- Onderwysers✓[2]
- Medewerkers✓[3]
- Ouers✓[4]
- Mense wat troues het✓[5]
- Mense wat begrafnisse het✓[6]
- Gemeenskapslede/ bure✓[7] (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.20; Suksesvol, p.11)*

**6.5.2 Noem die nie-menslike hulpbronne wat Nellie in ag moes neem toe sy haar produk vir kleinskaalse produksie gekies het.**

- (Beskikbaarheid) van aanvangsgeld/ koste/ sy verdien 'n salaris aangesien sy 'n algemene werker is.✓[1]
- (Beskikbaarheid) van gereedskap/ stoof/ koekiemenger/ 'n vries-kas.✓[2]
- (Beskikbaarheid) van grondstowwe/ bestanddele.✓[3]
- (Beskikbaarheid) van werk/ opbergspasie (buitekamers).✓[4] (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.20; Suksesvol, p.11)*

**6.5.3 Gee TWEE redes waarom Nellie haar bestanddele by groot maat aangekoop het.**

- Dit is goedkoper.✓[1]
- Bespaar op vervoerkoste.✓[2]
- Bespaar tyd omdat sy nie dikwels aankope te doen nie.✓[3]
- Sy het opbergspasie.✓[4]
- Die meeste bestanddele het 'n lang raklewe.✓[5]
- Voorkom tekorte /onderbreking in produksie.✓[6]
- Sy het groot bestellings.✓[7] (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (uit die scenario)*

**6.5.4 Noem die verspreidingsmetode gebruik deur die winkelafsetpunt waar Nellie haar bestanddele gekoop het.**

Indirekte verkope/ deur 'n middelman✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.29; Suksesvol, p.32)*

**6.5.5 Nellie se koekieverkope was konsekwent gedurende die jaar, maar was die beste in November.**

**(a) Deurlopende/konsekwente verkope:**

- Verbruikers koop koekies in alle seisoene, regdeur die jaar/ dis nie 'n seisoenale produk nie.✓[1]
- Troues en begrafnisse vind regdeur die jaar plaas✓[2] en word deur baie mense bygewoon.✓[3]
- Sy offer verskeidenheid koekies.✓[4] (Enige 3) (3)

**(b) Beste verkope in November:**

- November is die begin van die feestelike seisoen✓[5] mense onthaal meer/ families kuier mekaar✓[6] en sommige mense mag koekies as seisoenale geskenke gebruik✓[7] dus hou hulle koekiesvoorraad in November aan.✓[8] (3)

*Verstaan, matig (Scenario) (Verken, p.39-41; Suksesvol, p.41-42)*

**6.5.6 Identifiseer VIER stadiums in Nellie se koekieproduksieproses waar sy gehaltebeheer moet toepas.**

- Wanneer sy die bestanddele vir produksie kies/ insette✓[1]
- Tydens die produksie/ maak van die koekies/ proses✓[2]
- Die voltooide koekies✓[3]
- Die verpakte produk, gereed om verkoop te word/ uitsette✓[4] (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.16; Suksesvol, p.22)*

**6.5.7 Analiseer die impak wat beurtkrag op die doeltreffende produksie van Nellie se produkte kon gehad het as sy nie 'n kragopwekker gekoop het nie.**

- Indien daar beurtkrag is, is daar geen elektrisiteit✓[1] maar sy kon steeds die koekies produseer.✓[2]
- Nellie sou nie die koekiedeeg met die koekiemenger kon meng nie✓[3] gevolglik sou daar meer moeite ingesit moes word om die koekiedeeg fisies te meng/ meer menslike energieverbruik/ fisiese arbeid wees/ tydrowend wees.✓[4]
- Indien daar nie elektriesiteit was nie, sou die vrieskas nie werk nie✓[5] wat kon lei tot bederf van grondstowwe/ bederfbare grondstowwe/ margarine/ melk.✓[6] Dit lei tot verlies van geld.✓[7]
- Daar kon 'n stilstand in produksie was✓[8] terwyl die voltydse werkers steeds betaal moes word.✓[9]
- Hulle moes waarskynlik vir langer ure werk✓[10] om betyds/ op datum af te lewer, dus moes hulle meer/ oortyd betaal word✓[11] wat sou lei tot 'n verlies in geld vir die besigheid.✓[12]
- Dit kon haar produksie verlaag✓[13] en haar aflewering wat betyds sou was vertraag.✓[14]
- Dit kon lei tot verlies in bestellings✓[15] dus verlies in inkomste en wins.✓[16]
- Daar kon 'n verlaging in die winsgrens wees✓[17] met die besigheid wat nie gelykbreek nie.✓[18]
- Deur nie die beste verkope scenario te bereik✓[19] kan beteken dat hulle 'n verlies lei.✓[20] (Enige 5 x 2) (10)

*Analisering, moeilik (Verken p.15; Suksesvol p.21)*

**[40]**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou